



Jrg. 6 Kaapstad, Woensdag, 12 November 1947 No. 48

Nuwe „Ondergrond” Agter Ystergordyn

Jongste berigte oor gebeurtenisse agter die Kremlin se ystergordyn dui daarop dat die verset teen die kommunistiese popperegerings in Oos-Europa 'n georganiseerde vorm begin aanneem op dieselfde model as die sogenaamde „Europese Ondergrond” teen die Duitsers gedurende die oorlogsjare.

Die kommuniste het daarin geslaag om of al die nasionale leiers in Oos-Europa te vermoor of om hulle uit hulle geboortelande te jaag. Daarmee het hulle gehoop om alle opposisie teen die Kremlin se popperegerings uit te wis. Dit gaan blykbaar nie die geval wees nie. Die kommuniste het hoofsaaklik teenstand onder-

vind van die Kleinboerepartye en dit is vernameklik hierdie partye en hul leiers wat die kommuniste probeer likwdeer het.

Berigte lui egter dat die vlugtelingsleiers van die Kleinboerepartye 'n Internasionale Kleinboerepartye, met hoofkwartier in Washington, Amerika, opgerig het en dat hulle die stryd teen Stalin se trawante uit die buiteland gaan voortsit.

Tot die nuwe Internasionale het glo reeds toegetree Mikolajczyk (Pole); Flureuc Nagy (Hongarye); dr. Milan Gavrilovic (Serbië); George Gimitrov (Boelgarye); Vladimir Matchek (Kroasië); en Nicolescu Buzesti (Roemenië).

Vermoed word dat die nuwe Internasionale enersyds die steun van die V.S.A. en andersyds van die Katolieke Kerk sal geniet.

Afdeling Na Afdeling



KAAPLAND KRY LEDE IN A. P. HOOFBESTUUR

Op die jongste vergadering van die hoofbestuur van die Afrikanerparty, wat in Johannesburg onder voorsitterskap van mnr. Harm Oost plaasgevind het, is besluit dat die party sy krag gaan monster op 'n spesiale Uniale Kongres op Donderdag, 5 Februarie 1948, op Brakpan. Vooraf sal min. N. C. Havenga die woord voer by geleentheid van 'n groot Afrikanerdag wat deur mev. C. C. Badenhorst gereël gaan word.

Die vergadering van die hoofbestuur was gekenmerk deur groot geesdrif.

Daar is besluit om 'n kantoor in Kaapland te open en teneinde die moederprovincie in die hoofbestuur te verteenwoordig is die

volgende lede gekoöpteer: sen. Naas Raubenheimer; mnr. Piet Retief (Ceres), Jan van Wyk (Lontj); André du Toit en Danie Basson (Paarl), Fanie Bekker (Tarkastad) en W. J. Hayward (Steytlerville). Uitgesonderd mnr. Danie Basson is al die ander verteenwoordigers ook lede van die Ossewabrandwag. Dit getuig van die hartlike samewerking wat daar tussen die A.P. en die O.B. heers.

Mnr. Frikkie Botha (Kroonstad) en L. Saayman (Zastron) is gekoöpteer om die verteenwoordiging van die Vrystaat te versterk.

Na 'n besielende rede deur mnr. Havenga het die Hoofbestuur daar en dan £700 uit sy midde gestort om die fondse van

die party te versterk vir doeleindes van organisasie en voorligting.

Die eerste Afrikanerparty-stuk in Kaapland het op 5 November die lig gesien in die vorm van 'n „eerste mededeling” aan takke. Daarin word o.a. verklaar dat „die Afrikanerparty 'n voortsetting (is) van die Nasionale Party van wyle genl. J. B. M. Hertzog. Die party stel waardigheid en regverdigheid voorop en het 'n afkeer aan slinksheid en uitoorléery. Die party wil almal wat sê Suid-Afrika eerste versamel op die grondslag van gelyke regte aan Afrikaans en Engelssprekendes. Die party streef na apartheid tussen blank en nie-blank, met regverdigde behandeling vir die nie-blanke.”

VOLK SAL AFREKEN MET SKEURDERS, SÊ O.B.-GENERAAL

Daar bestaan geen behoefte by O.B.-lede om hul beginsels prys te gee en by die Herenigde Nasionale Party aan te sluit nie, het hoofgenl. Max Smuts, wat vanaf 23 Oktober tot 1 November 'n reeks vergaderings langs die Oranjerivier toegesprek het, by sy terugkeer aan Die O.B. verklaar. Dr. Malan se ultimatum aan O.B.-lede om hul beginsels prys te gee sodat hul by sy party kan aansluit het absoluut geen uitwerking gehad nie. O.B.-lede voel dat die O.B. die draer van 'n nuwe gedagte is, en dat die beweging sterk genoeg is om hierdie gedagte uit te dra. Genl. Smuts het opgemerk dat offisiere trots is op hul offisiërskap, volle vertroue het in die O.B.-leiding en hoopvol is vir die toekoms.

Op Marchand, waar 'n vergadering en 'n funksie gehou is, is genl. Smuts ingehaal deur 'n perdekommando en het hy 'n netjies opgestelde erewag van Boerejeuglede geïnspekteer. Die vergadering op Kakamas is baie goed bygewoon, ook deur andersdenkendes. Hoofgeneraal De Wet Strauss en genl. dr. F. M. Joubert het die besoekende generaal vergesel. Op Keimoes, Kannoneland en Upington was genl. Smuts ook vergesel van hoofgenl. Strauss. Genl. J. H. Gouws het genl. Smuts op Karos ontmoet en die generaal bygestaan op vergaderings op Grootdrink, Boegoeberg, Waterford en Groblershoop. Oral is goedbygewoonde vergaderings en funksies gehou. Hoofgenl. Strauss berig dat

genl. Smuts se toesprake groot byval gevind het en oral uitstekend ontvang is — ook deur nie-lede van die O.B.

BELANGRIKE VERKIESING

Genl. Smuts verklaar dat die nasionaal-voelende Afrikaners die aanstaande verkiesing beskou as 'n baie belangrike verkiesing — miskien die belangrikste wat nog in Suid-Afrika plaasgevind het.

As redes vir hierdie beskouing by Afrikaners het genl. Smuts aangevoer (i) dat die volk vrees dat die huidige bewind die land ekonomies gaan uitput in sy pogings om Brittanje van ondergang te probeer red; (ii) dat die volk oor tuig is — in die aangesig



Genl. Max Smuts

van Brittanje se tekort aan arbeidskragte — dat die regering se dulle immigrasiebeleid politieke dryfvere het, wat bereken is om die Afrikanervolk in sy land onder te ploeg; en (iii) dat die volk glo dat die kleurvraagstuk, nie meer 'n plank in 'n partypolitieke platform is nie, maar 'n dringende volksaak geword het, waartoe elke blanke man en vrou in Suid-Afrika se hulp nodig is indien daar nog 'n moontlikheid is om dit op te los.

DIE OOREENKOMS

Met die oog op bogenoemde redes, het genl. Smuts voorts verklaar, verlang nasionaalvoelendes dat elke Afrikaner by die aanstaande verkiesing sy gewig moet ingooi om van die huidige regering ontslae te raak. Daarom word die ooreenkomste tussen die Afrikanerparty en die H.N.P. aanvaar, want deur middel van die A.P. kry O.B.-lede ook 'n eerbare kans om hulle gewig in die stryd te gooi.

Dit moet, egter, die volk nie kwalik geneem word dat hy skepties staan teenoor die samewerking, waaraan almal so 'n groot behoefte voel nie. In die verlede het die volk al telke male geglo dat eenheid nou eenmaal bereik is, en telkemale is die volk maar weer deur partypolitieke leiers en hul perse uitmekaar geja; en let wel uitmekaar geja, tenspyte van die volk se

(Vervolg in vorige kolom)

Afdelings van die Ossewabrandwag in die Suide maak hulle weer gereed om na die Paarl op te ruk en deel te neem aan die viering van die verjaardae van die K.G. en A.K.G. op 22 November. Die program maak voorsiening vir 'n groot optog. Die K.G. sal die saaij neem. Ons foto toon 'n gedeelte van die Stellenbosse dame-studentewag wat verlede jaar aan die optog deelgeneem het tydens die feesviering in die Paarl.

(Vervolg van volgende kolom) begeerte om bymekaar te wees. Genl. Smuts het gesê dat as die huidige samewerking weer verongeluk word die volk ongetwyfeld sal afreken met die leiers en die koerante wat gereeld die volk uitmekaarja. Die gevoel is baie sterk by die volk, het genl. Smuts besluit, dat volkome samewerking noodsaaklik is om te red wat daar nog te red is.

Verjaardagviering

KOMDT.-GENERAAL EN
ADJUNK KOMDT.-GENL.

SATERDAG, 22 NOVEMBER 1947, om 8 n.m.

STADSAAI, PAARL.

ONTHOU HIERDIE DATUM!

BOEREJEUG KWEEK SEUNS EN DOGTERS MET PLIGSBESEF

Die werk wat in die Boerejeug gedoen word, het reeds soveel vertroue in die jeugbeweging van die Ossewabrandwag gewek dat persone wat nooit voorheen wou toelaat dat hulle kinders laertrekke van die Boerejeug bywoon nie, tans hul heelhartige steun aan die bedrywighede van die jeug toesê. Ons kan terugkyk op uitstaande resultate waarvoor ons dankbaar is en wat sonder twyfel die gevolg is van die heelhartige ondersteuning wat die Boerejeug van die kant van die ouers ontvang, het die Jeugleier, genl. Dirk van Rooy, Hoogleraar in Wiskunde aan die P.U.K. in 'n onderhoud aan Die O.B. verklaar.

Genl. Van Rooy het verwys na die onlangse groot laertrekke by Rustenburg en by Kestel in die Vrystaat. Sowat 200 Boerejeuglede het die laertrek by Rustenburg bygewoon. Dit was 'n reuse sukses. Ouers van die laergangers en ander goedgesindes het soveel kos na die kamp gestuur dat die hele laertrek die Boerejeug feitlik niks gekos het nie.

DISCIPLINE

Die laertrek by Kestel was aanvanklik minder bemoedigend. Baie van die kinders wat belowe het om die laertrek by te woon, het nie opgedaag nie. Toe daar bietjie navraag gedoen is, het dit geblyk dat die jeugorganisasie van 'n politieke party kort van te vore 'n kamp daar gehou het. Daar het soveel wanordelikhede plaasgevind dat baie van die ouers in die buurt geweier het om hulle kinders ooit weer na 'n jeugkamp te laat gaan. Nadat die Boerejeuglaertrek 'n dag of wat aan die gang was, en die ouers gesien het watter dissipline en orde in die laer gehandhaaf word, het baie ouers wat aanvanklik geweier het, hul-



le kinders dadelik toegelaat om die laertrek by te woon. Die laertrek het soveel ondersteuning van die kant van die publiek geniet dat ook in hierdie geval die laertrek die Boerejeug feitlik niks gekos het nie. Die Boerejeug ondervind baie teenkanting van sommige skoolhoofde en word in baie skole teengewerk, het genl. Van Rooy verklaar. Waar onderwysers die Boerejeug goedgesind is 'en graag wil meedoen, word hulle deur die regering verbied om enige steun aan die Boerejeug te verleen. Dieselfde toestand heers in skoolkoshuise waar daar nie kontak met die kinders gemaak kan word nie. Die

Stalin Vermeerder Sy Slawe

Die Katolieke Kerk in Duitsland het protes aangeteken by die Geallieerde Beheerraad teen die skandale Russiese gebruik om jong Duitsers te vang en sonder meer na Rusland te Deporte vir slawediens. Die Katolieke Kerk weet van meer as 2000 sulke gevalle.

Boerejeug is dus vir sy bedrywighede op skoolvakansies toegewys waarvan hy deeglik gebruik maak.

Nieteenstaande daar 'n strenge dissipline in die laertrekke heers en alles volgens 'n vaste reëling geskied, word die persentasie kinders wat die laertrekke bywoon van tyd tot tyd groter.

KEN HULLE UIT

Genl. Van Rooy het daarop gewys dat daar 'n hartlike verhouding tussen die Boerejeug en die Voortrekker-beweging bestaan. Die aktiefste Voortrekkers is dikwels Boerejeuglede. Waar die Voortrekkers geen politieke kleur het nie, en in Transvaal nie die Vierkleur langs hul eie vlag mag gebruik nie, verkondig die Boerejeug openlik 'n republiek. Die verskil tussen die Boerejeug en die Voortrekkers word deur genl. Van Rooy as volg omlyn: „Die Voortrekkers probeer om 'n goeie mens van die kind te maak; die Boerejeug probeer om 'n goeie Afrikaner van elke kind te maak”.

In Die Laer-kombuis

Kokke van die kommissariaat besig om kos voor te berei vir die laergangers.

BENONI

Drie kandidate is benoem vir die parlementêre tussenverkiesing in Benoni wat op 26 November plaasvind. Hulle is mnr. John Shorter (Verenigde Arbeidersparty of Madeley-groep); dr. T. Osborne (McPherson-party); en mnr. Robert Mac Donald, leier van die Nuwe Nasionale Party.

OORSKOT VAN EGIPTE NA SUID-AFRIKA

Honderde vreemdelinge in Egipte wat tydens die oorlog uit Europa gevlug het, doen tans aansoek om na die Unie te immigrêre as gevolg van die vyandige gevoel wat daar teen alle vreemdelinge in Egipte bestaan. Die meeste van hierdie persone wat aansoek doen, is Grieke, Pole, Joego-Slawiërs en Italianers.

'n Bekende skoolhoof in Transvaal het onlangs aan genl. Van Rooy gesê dat hy lede van die Boerejeug maklik in sy skool kan uitken. Hulle is gedissiplineerd en waar daar diens te verrig is, is hulle altyd eerste om hulle aan te meld. Dit dien as bewys van hoe die Boerejeug daarin slaag om 'n diensvaardige jeug met 'n pligsbesef te kweek. „Die krag van die Ossewa-



Prof. D. J. van Rooy

brandwag van die toekoms lê beslis in 'n kerngesonde Boerejeug. Ek voel baie optimisties oor die toekoms van die Boerejeug. Ons het die hartlike steun en vertroue van die ouers en van die Kommandant-Generaal het genl. Van Rooy gesê. Die ou klagte dat die groot O.B.'s nie genoeg belangstelling in die Boerejeug toon nie, geld nie meer nie. Daar is orals 'n toenemende belangstelling in die Boerejeug.

V.S.A. Wil Britse Besettingsgebied Oorneem

Omdat Engeland nie meer in staat is om die finansiële laste van die besetting van sy gedeelte van Duitsland te dra nie, het Amerika aangebied om die Britse besettingsgebied oor te neem, luidens 'n berig uit Londen. Die koste vir een lopende jaar kom min of meer op £160 miljoen te staan.

Die Amerikaners se aanbod hou drie voorwaardes in:— Brittanje moet afsien van sy beheer oor invoer en uitvoer in die gebied; Brittanje moet onderneem om sekere voorrade, soos steenkool, te lewer vir die gebied, en

INTERNERING IS 'N MISLUKKING

Politieke internering is 'n mislukking, verklaar die kommissie wat in Holland aangestel is om ondersoek in te stel na die 23,000 wat nog daar in kampe vir politieke oortreders aangehou word.

Die kommissie grond sy mening op die feit dat die geïnterneerdes wat almal saamgehoort sit, al meer en meer verbitter word omdat hulle dieselfde politieke menings koester en mekaar verder opsweep.

Wie sê die Smuts-regering het dit nie ook in Suid-Afrika ondervind nie?

FOURIESBURG-KOMMANDO ONTHUL GRAFSTEEN

FOURIESBURG. — Die plaaslike O.B.-kommando het die week wat Krugerdag voorafgegaan het die graf van 'n jongburger, Jan Bonthuisen op die plaas Middenin van komdt. C. J. Roos herstel. Die Burger het tydens die Engelse oorlog op die aangrensende plaas op die plek waar genl. Prinsloo oorgegee het, gesneuwel.

Op 10 Oktober het die kommando weer op die ou boereplaas bymekaar gekom. Die plaas wat tans aan komdt. Roos behoort, is geskiedkundig aangesien dit vroeër aan 'n suster van oom Willem Venter behoort het. Oom Willem is die man wat die kanon („Ou Grietjie”) in die Rooisloot by Bloedrivier hanteer het. Hy is ook in die distrik van Fouriesburg begrawe.

Daar was die dag 'n mooi klompie Brandwagte en Boerejeug-seuns en -dogters bymekaar. Die samekoms is op 'n pragtige plek gehou en onder die skaduryke bome het die brandwagte na verskillende besielende toesprake geluister.

Na die middagete was daar 'n optog na die ou Boerekerkhof om die herstellde graf te onthul. Daar was ook 'n kranslegging deur komdt. Van Rooyen en komdt. Roos.

Hoofspreker van die dag was hoofkomdt. Pitout van Bethlehem. Brandwag oom Nicolaas Grobbelaar het interessante staaltjies uit die Engelse oorlog vertel. By die graf het genl. H. A. J. du Toit 'n boeiende toespraak gelewer.

Nadat kranse gelê is, is die verrigtings gesluit met 'n gebed deur veldk. D. W. de Jager. — (Korr.).



Genl. H. J. A. du Toit.

Nie-Blankes Dikteer Op V.V.O.

Die nie-blanke lande is vër in die meerderheid op die V.V.O., het mnr. D.B. Molteno, L.V. verlede week aan die Gesamentlike Raad vir Blankes en Nie-blankes vertel toe hy hulle in Kaapstad toegesprek het.

Van die 51 lande wat lede is van die V.V.O. is daar 13 suiwer nie-blanke lande en 18 is min of meer oorheersend nie-blank. Nie een van hierdie lande erken 'n kleurskeidslyn nie. Hierby kom nog die Slawiese blok wat uit ses lande bestaan. Ook hulle erken geen rasseverskil nie, aldus mnr. Molteno. Die verhouding is dus 37 teenoor 15.

Dit is dus die nie-blanke wêreld wat aan Suid-Afrika dikteer hoe hy die Indiërs, binne sy eie grense moet behandel. Hiervoor dra die Smuts-regering en by name veldk. Smuts 'n groot verantwoordelikheid.

Kanada Waarsku Russe

Die Kanadese regering het 'n formele memorandum aan die Russiese gesant gerig waarin 'n ernstige waarskuwing uitgespreek word oor die gebruik van aanstootlike taal deur amptenare en werknemers van die Russiese gesantskap.

Indien amptenare en werkgewers hulle weer soos in die jongste verlede aan hierdie gebruik vergryp, sal die Kanadese regering vra dat hulle teruggeroep word na Rusland.

KERK VEROORDEEL IMMIGRASIE VAN ONDERWYSERS

Ernstige beswaar teen die invoer van vreemde onderwysers na Suid-Afrika om Afrikaanse kinders te onderrig, word in Die Kerkbode uitgespreek.

Die blad verklaar dat dit onwenslik en gevaarlik is omdat die gees en agtergrond van die onderwysers heeltemal verskil van die karakter van die volk.

„Ons eie werkkragte word gesnoei sodat net 'n sekere aantal jaarliks op die kolleges toegelaat word”, verklaar die blad. Indien daar op die regte manier te werk gegaan word, kan die te-

kort aan onderwysers plaaslik aangevul word.

Die lewens- en wêreldbeskouing van buitelandse onderwysers verskil geheel en al van plaaslike toestande. Dit is 'n onomstootlike feit dat geen opvoeder neutraal is of kan wees nie, en hulle sal hul stempel op die kinders afdruk. Die lewensbeskouing van die Afrikaner is Calvinisties en die immigrasie van onderwysers kan nie anders as om vreemde beskouings in ons onderwys in te dra nie, skryf die blad.

HUISGESINNE IN GREEP VAN HOË LEWENSKOSTE

Watter mate van ellende en nooddrif die steeds stygende lewenskoste reeds in minder gegoede huisgesinne in stedelike gebiede veroorsaak het, kan alleen besef word wanneer mens hierdie buurtes besoek waar blankes omring deur kleurlinge saam woon. Hoe hierdie mense met vyf of ses kinders in staat is om met 'n salaris van twintig pond per maand en selfs minder uit te kom, bly vir die persoon met 'n inkomste van vyftig pond per maand en wat daarmee nie kan uitkom nie, 'n raaisel.

Baie van hierdie Afrikaners wat vandag in neerdrukkende omstandighede lewe, was voorheen bewoners van die platteland. Omstandighede het hulle gedwing om na die stede te verhuis en hier 'n lewenskoste wat sedert die oorlog en tans byna veertig persent hoër is as voor die oorlog, ly hierdie gesinne tans gebrek.

'n Verteenwoordiger van Die O.B. het dit die afgelope dae sy taak gemaak om verskeie inkomstegroepe te besoek en orals het hy gevind dat duur voedsel, duur klere, hoë huishuur en geringe inkomste in vergelyking met die normale behoeftes, die mees populêre tema van bespreking onder alle huishouders is. Orals dieselfde klagte: voor die oorlog het ons wel minder verdien, maar ons kon beter lewe; vandag is dit onmoontlik om 'n ordentlike bestaan te maak.

WERK OORTYD

In die buurt van die Kaapse dokke waar spoorwegaarbeiders in aaneengeryde huise woon en

waar nie-blankes steeds in toenemende mate die blankes begin verdring, is met verskeie huishouders gesels. Die inkomste van mev. B. H. in Breekwaterhuis waarmee sy die huishouding moet waarneem is normaalweg £24 per maand. Sy het sewe kinders, waarvan die oudste, 'n dogtertjie, twaalf jaar oud is. Haar man 's 'n arbeider in diens van die Spoorweë. Hul maandelikse kruideniersrekening is nooit minder as £10 10s. nie, vir die afgelope maand was hul vleisrekening £2 7s. 9d.; groente £3 19s.; melk £1 7s. 6d.; £8 word afgetrek vir huishuur, doktersfooi en pensioen; water en ligte maak saam £1 0s. 4d.; busgeld sowat £1; begrafnisonderneming 2s. 9d. Normaalweg oorskrei hul uitgawes hul inkomste en was dit nie dat naargegenoet min of meer altyd oortyd werk nie, kon hulle geen bestaan gemaak het nie. Die kinders en die huis getuig daarvan dat daar nie geid afgeknypt kan word vir klere, 'n bediende of plesier nie.

Die inkomste van mev. R. D. in dieselfde buurt beloop maandeliks tussen £21 en £25. Hulle is vyf persone in die huis. Van die inkomste word tussen £12 en £13 aan kruideniersware bestee; £2 aan vleis; melk £1 10s.; ligte en steenkool £3 5s. per maand; groente £2 5s.; huishuur £2 10s. Hiermee is hul salaris ook daarmee heen. As hulle d.i.

regtry om aan die kruideniersware te snoei word daar vrugte gekoop, klere, ens. Kom daar skielike siekte in die huis soos dit al die geval was, moet hulle om hulp aanklop en ly hulle gebrek.

Soortgelyke getuienis is van twee ander huishouders in dieselfde buurt waar die inkomste van 'n huisgesin selde £30 per maand bereik, verkry. Die ooglopende nood is opvallend. In geen een van die gevalle is die ouers in staat om voorsiening vir die toekoms te maak deur 'n paar pennies weg te sit nie.

TUSSEN £30- EN £40-GROEP

'n Huishouding in Oranjestraat, mev. B. wat weens die persoonlike aard van die ondersoek haar identiteit wil bewaar, en wie se eggenote tussen dertig en veertig pond per maand verdien, het getuig dat hul maandelikse inkomste voor die oorlog toe hulle reeds twee kinders gehad het, minder was, maar dat hulle geredelik daarmee kon uitkom. Hulle betaal £9 15s. huishuur. Hul brood en kruideniersrekening raak-raak aan £11, van die slagter ontvang hul maandeliks 'n rekening van £3 15s. Van die groentewinkel bestel hul maandeliks groente en vrugte vir sowat £4, aan melk bestee hul gereeld £3 per maand. Een bediende word gehuur teen £2 10s. Dan kom nog belasting, klere, ontspanning, ens., sodat daar nie meer as drie of vier pond van hul maandelikse inkomste oorbly as al die nodigste goedere gekoop is nie. Hiervan moet assuransië en belasting afgetrek word.

Dat persone met 'n inkomste van meer as £40 per maand en selfs baie meer as dit, rede vind om te kla dat hulle nie in al die noodsaaklike behoeftes kan voorsien nie, is merkwaardig. Hulle kon hul bewerings egter staaf deur rekenings te toon wat hulle juiste uitgawes weerspieël. Hulle uitgawes is baie meer as dié van die groepe wat minder verdien. Die rede hiervoor is omdat na gelang 'n mens se inkomste vermeerder, so ook die behoeftes.

HOËRE INKOMSTEGROEPE

Mev. X van Rosmeadlaan, Oranjezicht, met 'n huisgesin van ses persone, betaal maandeliks vir die huis waarin hulle woon £11. Aan vleis word nagenoeg £5 bestee, aan melk iets meer as £3, kruideniersware dikwels £13, gedurende die winter varieer water en krag tussen £3 en £4 pond. Dit maak 'n totaal van £36 en laat maar baie min oor uit die salaris van iets meer as vyftig pond per maand. Uit die orige £17 word twee bediendes teen £7 gehuur. Die res moet, wanneer nodig, aan klere bestee word, sowel as aan ontspanning, assuransiëpolis, ens., sodat daar feitlik niks oor is van die maand se salaris nie, aldus ons segsvrou.

Dat hierdie mense in die hoë inkomstegroepe veel minder rede het om te kla as die laere inkomstegroepe blyk duidelik, maar in verhouding druk die stygende lewenskoste net so swaar op hulle as op die ander.

Soortgelyke getuienis is deur mev. W. S. van Kloofstraat

(Vervolg in volgende kol.)

Pers-Menings

Les van Randse Verkiesings

Talle koerante in Suid-Afrika het in die uitslae van die munisipale verkiesing aan die Rand 'n les gelees wat — dit onderstreep hulle — met die oog op die aanstaande algemene verkiesing deeglik geleer moet word. Afrikaners het geleer dat sowel algehele eenheid as 'n klinkende program onontbeerlik is vir oorwinning.

KLINKENDE PROGRAM

Vir die H.N.P. was die uitslae nie bemoedigend nie, skryf Dagbreek. In Johannesburg self het die H.N.P. net twee kandidaat verkies gekry. Ook elders aan die Rand het kandidaat wat die H.N.P. gesteun het, oor die algemeen swak gevaar.

„Die resultate moet vir die Verenigde Party 'n vingerwysing wees dat dit in die stedelike gebiede ver van wel af is met hom. Die redes sal hy moet ontleed — en probeer verhelp voor die algemene verkiesing. Waarskynlik sal gebrek aan geesdrif weens die feit dat daar inderdaad nog geen eenheid is nie 'n gedeeltelike verklaring wees. Maar dit is duidelik dat die H.N.P. ook met 'n klinkende program voor die land sal moet verskyn as hy die openbare verbeelding in die stede wil opwek. As daar nog geen 39 persent van die kiesers in Johannesburg gestem het nie, toon dit onverkilligheid”, verklaar Dagbreek.

Sondagnuus, 'n publikasie van die Afrikaanse Pers Bpk., sien reeds vrugte op die samewerking tussen Afrikaners. Die blad verklaar: „Die samewerking tussen die H.N.P. en die Afrikanerparty het in Johannesburg vrugte begin afwerp. Dr. Ross kon daardeur 'n meerderheid van 727 behaal waar mnr. Corrie Schoeman verloorde jaar in dieselfde

(Vervolg van vorige kol.)

gelewer. Sy en haar eggenoot moes hulle hele begrotingsplan soos hulle dit voor die oorlog gehad het, omver gooi omdat haar man sy maksimum salarisskaal van £55 bereik het. Hulle het gevind dat hul inkomste veel minder werd is as voor die oorlog. Dit was ook nodig om hul uitgawes ten opsigte van minder noodsaaklike goedere en vermaaklikheid te snoei.


Uit die baie persone met wie gesels is, het slegs een dame beweer dat die hoë lewenskoste nie op haar druk nie. Sy behoort egter tot 'n ras wat ons nie in die kolomme bespreek nie.

BRUIN SWITSERSE BEESTE TEN VOLLE GEREGETREED.

Die WINTERBERG-STOET van Geregistreerde Bruin Switsers bied jong Bulle, 'n paar Verse en ou Koeie — almal geregistreer — te koop aan. Alle beeste is teen Galsiekte ingeënt.

Pryse op aanvraag. — Besigtiging verwelkom. Doen aansoek: G. J. VAN DE VYVER, Drieshof, P/s. Adelaide.

Tentopslaan



'n Toneeltjie in 'n onlangse Boerejeuglaer.

KOMMUNISTE LIKWIDEER ALLE TEENSTANDERS IN BALKANLANDE

Nog 'n anti-kommunistiese leier, Zolton Pfeiffer, leier van die Hongaarse Kleinboereparty, moes vir sy lewe uit sy vaderland vlug as gevolg van Kommunistiese optrede. Slegs 'n paar dae voor hierdie voorval moes die Poolse anti-kommunistiese leier, Mikolajczyk, ook vlug om sy lewe te behou nadat hy te hore gekom het dat die Kommuniste hom tereg wil stel.

Die Hongaarse staatsaanklaer het geëis dat Pfeiffer in hegtenis geneem word en van verraad aangekla word. Hy sou tydens sy dienstryd as minister van justisie 'n lid van die Hongaarse SS. losgelaat het. Hy het na Weenen gevlug.

Mikolajczyk het reeds in Londen aangekom. Hy het ontsnap nadat hy te hore gekom het dat hy ook tereg gestel sal word. In

die jongste verlede het 'n soortgelyke lot Nikolai Peetkoff, leier van die Bulgaarse opposisie, getref. Hy is reeds tereggestel deur die Kommuniste. Die leier van die Roemeense Kleinboereparty, Julius Maniu, word tans verhoor op 'n aanklag van hoogverraad en sal sonder twyfel deur die Kommuniste doodgeskiet word.

• WAARDE

• KWALITEIT

• VERSKEIDENHEID

DAMES-
MANS- en
KINDER-
UITRUSTERS
SNYERS

UNIEWINKELS

— Beperk —

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

„DIE O.B.” WOENSDAG, 12 NOVEMBER 1947

Die Nuwe Nugterheid

Daar het in die jongste tyd 'n ontwikkeling onder ons oë plaasgevind op die Afrikaanse politieke toneel wat nie alleen verdien om uitgepluis te word nie, maar ook om toegejuig te word.

Die Afrikaanse politiek wat vir 'n lang tyd 'n onsmaklike kleitrappery en onderlinge rusiemakery was, het stilweg, sonder dat die meeste mense dit besef het, 'n nugtere wending geneem en koersgevat in 'n positiewe rigting.

HERTZOG SE POSITIEWE BYDRAE

Vir baie jare het wyle genl. J. B. M. Hertzog die enigste positiewe bydrae tot die Afrikaner se politieke en parlementêre stryd gelewer. Sy teenstanders het gewoon geraak daaraan om enersyds die generaal met hand en tand te beveg en om andersyds saam met die volk die voordele van sy praktiese beleid te geniet.

Die Hertzog-beleid was 'n versierende nasionale beleid wat nooit vergeet het wat die Afrikanervolk uiteindelik wil bereik nie; maar dit was ook 'n praktiese en positiewe beleid wat rekening gehou het met die moontlikhede wat die volk op 'n bepaalde stadium kan bereik.

Op hierdie manier het genl. Hertzog stap vir stap 'n reeks positiewe bydraes gelewer tot die Afrikanerstryd.

En toe het die generaal van die toneel verdwyn. Sy teenstanders wat hom tot op die laaste oomblik lustig verguis het, het geblyk hopeloos onbevoeg te wees om sy bouwerk voort te sit. Hulle het wel hul bekende bedrewenheid aan die dag gelê om elke steen wat die generaal se natuurlike opvolgers wou opstapel weer af te breek. Die gevolg was lê jare waarin die Afrikaner op die parlementêre terrein weinig of niks presteer het nie.

DIE NUWE NUGTERHEID

Die jongste ontwikkeling wat ons bespreek, is die weldadige opkoms van 'n nuwe nugterheid in die Afrikaanse politiek wat stilswyend en sonder verwyt eenvoudig die rug keer op die doellose gemaal wat 'n tydlank ons politiek oorheers het.

Die nuwe nugterheid knoop op natuurlike wyse by die Hertzog-tradisie aan en sodoende word die logiese kontinuïteit tussen die stryd en oorwinning van die verlede en die stryd van die hede verkry.

Hierdie kentering in ons politieke lewe is hoofsaaklik te weeggebring deur dr. J. F. J. van Rensburg, die leier van die O.B., en mnr. N. C. Havenga, die leier van die Afrikanerparty. Albei manne oordeel nugter oor sake, en elkeen se beleid hou rekening met die praktyk — om daaruit oorwinning vir die Afrikanervolk te behaal.

GRONDSLAE VAN OORWINNING

Die betekenis van hierdie manne se leiding word duideliker as dit beoordeel word in die lig van die grondslae waarop wyle genl. Hertzog sy oorwinning gebou het en die probleme waarmee hy te kampe gekry het. Ons wil probeer om dit aan die hand van drie stellings te verduidelik:

(1) Genl. Hertzog het altyd 'n lewensbelangrike beginsel as doelwit neergelê. Sonder vrees vir oorskaduwing het hy dan aanhangers, van allerlei formaat, rondom hom probeer saamtrek terwille van die beginsel.

Die waarde van hierdie beleid blyk eers as dit vergelyk word met die metode van sy teenstanders wat eers 'n kliek versamel; dan 'n beginsel aanvaar; met natuurlike vriende baklei terwille van die eksklusiwiteit van die kliek; en eindelijk die beginsel oorboord gooi terwille van die behoud van die kliek.

(2) Genl. Hertzog wat sy oorwinnings op die parlementêre terrein moes behaal, het geglo aan 'n breë eenheid rondom 'n beleid wat binne afsienbare tyd uitgevoer kan word. Solank as wat sy teenstanders hom oor so 'n uitvoerbare beleid kon aanval en hulle beleid ideaaltipes kon stel, was dit wel met hulle. Maar sodra die teenstanders uit die teorie moes neerdaal tot die praktyk en kritiek moes verruil vir 'n positiewe stap, is Hertzog keer op keer geregverdig en moes die ideaal-tipiese beleid keer op keer snippermandjie-toe.

Dit is ongetwyfeld die taak van die Afrikanerparty om ten aansien van die parlementêre stryd die Hertzog-tradisie in ere te herstel en om toe te sien dat daarop voortgebou word.

(3) Aan die einde van sy loopbaan het genl. Hertzog gewaarsku dat partykramery of die vorming van klieke in die skoot van die volk die vernaamste struikelblok is in die pad van Afrikaner-oorwinning.

Dit is meer bepaald die besondere roeping van die Ossewabrandwag om hierdie struikelblok van selfsugtige partyskap van die pad van Suid-Afrika te verwyder en om die diepere en natuurlike eenheid van die volk te verteenwoordig.

DIE LEWENSBELANGRIKE BEGINSEL

Die Ossewabrandwag en die Afrikanerparty het albei die behoud van Blank Suid-Afrika as lewensbelangrike beginsel aanvaar. Hulle gaan hierdie kwessie nie verdoesel met (Vervolg in volgende kolom)

In Frankryk Vandag:

DE GAULLE LEI KENTERING IN WES-EUROPA

„Wat sal gebeur as genl. Charles de Gaulle daarin slaag om die leisels van die Franse regering oor te neem?” Met hierdie vraag het buitelandse waarnemers hulle die afgelope weke sedert genl. de Gaulle die Kommuniste 'n klap deur die gesig gegee het, besig gehou.

Terwyl hierdie Franse leier deur 'n groot deel van die volk terug verwelkom word, is daar tog volgens waarnemers 'n deel van die volk wat van De Gaulle 'n verklaring eis oor sy verbond wat hy in 1942 met die Franse Kommuniste aangegaan het.

Die politieke gebeurtenisse in Frankryk in die afgelope tyd is baie duidelik 'n miniatuur van wat besig is om in die hele Wes-Europa en Amerika plaas te vind: die skerper onderskeiding tussen anti- en pro-kommunistiese magte. In die Weste is die verhouding tussen anti- en pro-Russiese gesindes besig om gespanne te raak. Frankryk het dit in die afgelope maand baie duidelik onderstreep.

KOMMUNISTE GEHELP

Voor 1936 het die buitewêreld maar min van De Gaulle geweet. In Amerika en Brittanje was hy 'n onbekende figuur, hoewel Duitse militêre leiers in De Gaulle 'n outoriteit op die gebied van meganiese oorlogsvoering gesien het. Onder sy eie volk het hy maar 'n klein groepie aanhangers gehad.

Sedert die oorlog het De Gaulle die meeste van sy politieke vriende verloor as gevolg van die gevaarlike verbond wat hy met die Kommuniste in 1942 aangegaan het en die houding wat hy ingeneem het teenoor die ondersteuners van maarskaik Petain.

Die volk hou hom tot 'n groot mate verantwoordelik vir die opkoms van die Kommuniste.

Vrees Afskilfering

Luidens 'n berig in Die Suidsterm het mnr. Eric Louw op Fraserburg verklaar, na aanleiding van 'n vraag omtrent die stigting van Afrikanerparty-takke deur die O.B. dat dit beter is om te swyg oor die saak, want die bedoeling was om eendrag tussen al die groepe te weeg te bring, maar die saak is vertroebel en hy vrees 'n grootskaalse afskilfering.

Langlaagte

Die Verenigde Party sal die tussenverkiesing in Langlaagte moet veg. Hoewel nóg die H.N.P. nóg die „Arbeiders”-party 'n kandidaat gestel het, sal die regeringsparty se kandidaat moet veg teen sowel 'n „Vakbond”-kandidaat as 'n Onafhanklike. Die stemdag is 26 November.

(Vervolg van Vorige kol.)

ideologiese ballas nie en hulle gaan dit vir elke Afrikaner moontlik maak om eerbaar aan die stryd deel te neem.

In hul jongste toesprake op Pretoria en Memel onderskeidelik, het sowel dr. Van Rensburg as mnr. Havenga die noot van nuwe nugterheid in erecendo gedruk. Wanneer dr. Van Rensburg op 22 November in die Paarl praat, net na die Grootraadsitting, sal die volk sy ore spits om te hoor watter boodskap hy bring.

te in Frankryk en die agteruitgang van Konserwatisme, skryf 'n waarnemer van Review of World Affairs. Hiervoor is hy nog 'n verduideliking aan die Franse volk verskuldig. Vir buitestaanders is dit duidelik dat hy dit as taktiese set doen het om die hulp van Amerika en Brittanje wat in bondgenootskap met Rusland was, te verkry. Ten spyte van al die aanvalle wat De Gaulle verduur het sedert hy in onguns by die volk geraak het, voel die Franse dat hulle niteenstaande dit alles hul ondersteuning in die uur van nood aan De Gaulle moet toesê.

AGTER DE GAULLE

Die houding van die Franse word min of meer deur die volgende onderhoud vertolk soos aangehaal deur buitelandse waarnemers: „Jy weet hoe ek De Gaulle haat”, het 'n Fransman aan die waarnemer verklaar, „maar as die Kommuniste in die Champs Elysees agter hul rooi vlag aanmarsjeer, en terwyl hulle met hulle vuiste in die lug swaai, uitroep: „Lank lewe Thorz”, dan sal ek antwoord: „Lank lewe De Gaulle”. Ten spyte van alles kan 'n mens tog nie uitroep: „Lank lewe Auriol of Radamier of Bidault” nie. Die publiek sal jou in jou gesig uitlag.”

Voor die verkiesing is daar voorspel dat as De Gaulle 23 persent van die stemme op sy front verenig, dit moeilik sal gaan met die Kommuniste. De Gaulle het hierdie persentasie vër oorskry.

Diegene wat dikwels met De Gaulle in aanraking kom, verklaar dat daar weinig persone is wat hom kan beïnvloed. Indien hy dit regkry om die leiding van die Franse volk weer op hom te neem sal hy, volgens Review of World Affairs die hulp van Renault ('n regse onafhanklike), Daladier (Radikale party), Le Troquer (Sosialis), Marie (Radikale en die ondersteuner van Michelet), Schuman en Teitgen soek.

SY PLANNE

Met sulke ondersteuners sal hy sonder twyfel in staat wees om die Kommuniste uit die landadministrasie en vak-

bonde te smyt. De Gaulle het ook reeds te kenne gegee dat hy drastiese maatreëls sal toepas om die Franse ekonomie weer aan die gang te kry. Die moontlikheid bestaan ook dat hy die Franse konstitusie sal verander. Dit is egter nie so seker wat sy houding teenoor Amerika sal wees nie.

De Gaulle se agtergrond is Rooms-Katoliek terwyl sy politieke oortuiging hom genoodsaak laat voel om sy gewig by die Konserwatiewes in te gooi. Hy is 'n imperialis en stel veral belang in die sosiale en ekonomiese probleme van Frankryk.

Wie is die manne wat hulle om hom geskaar het? Sy eerste luitenant, met die titel van sekretaris-generaal, is Jacques Soustelle. Hy is 'n professor, 'n ervare reisiger en deskundige op die gebied van antropologie. Hy behoort tot die Protestantse geloof en is 'n uitstekende organisateur. Onder hom is 'n propagandis, die bekende skrywer Maltreaux. De Gaulle se volgende dissipel is 'n koerant-skrwyer, die 31-jarige genl. De Benauville. Hy is 'n aristokraat en is Konserwatief-gesind. Hy is die beweging se beste spreker. De Gaulle self is nie 'n goeie spreker nie. Hy het sy tegniek egter baie verbeter. Hy praat sonder passie en lees gewoonlik sy toesprake. Hy is egter seker van homself. Hy besit volgens die Amerikaners die slag om wanneer Frankryk voor 'n kruispad te staan kom, homself aan die spits van die volk te stel en hulle oor die moeilikheid heen te help.

SKILVRY

SIT NUWE LEWE EN GLANS IN U HARE EN BEVRY U KOPVEL VAN

SKILFERS

U apteker of handelaar sal u voorsien

(5)

REISPROGRAM A 14

Genl. W. R. Laubscher,

O.B.-VOORLIGTINGSOFFISIER

sal die volgende vergaderings toespreek.

Bevelvoerende genl. J. W. C. Steenkamp sal hom vergesel.

NIEUWOUDTVILLE, MAANDAG, 17 NOV., 10 v.m.
CALVINIA (Ou Kerkzaal), MAANDAG, 17 NOV., 8 n.m.

MIDDELPOS, DINSDAG, 18 NOVEMBER, 10 v.m.
SUTHERLAND, DINSDAG, 18 NOVEMBER, 8 n.m.
WILLISTON, WOENSDAG, 19 NOVEMBER, 10 v.m.
KLIPWERF (Dist. Calvinia), DONDERD., 20 NOV., 10 v.m.

— ALMAL HARTLIK WELKOM! —

Russiese Leuens In Moskou

Die wêreld is vandag in twee kampe verdeel; aan die een kant staan Brittanje en Amerika, terwyl Rusland aan die ander kant staan. Die een blok staan vir agresse, maar Rusland staan vir vryheid, demokrasie en die nie-inmenging in die binnelandse sake van ander lande, het Molotov, Russiese minister van buitelandse sake tydens die herdenking van die Bolsjewistiese Rewolusie in Moskou verklaar.

Die toespraak van hierdie op-
perste Bolsjewis wat berugtheid
in die raadsale van die wêreld
verwerf het vanweë sy haat-
draende toesprake teen die Wes-
te, was opnuut 'n beklemtoning
van die verskil tussen wat Rus-
land doen en sê. Dit was
die taal van Moskou.

BEDROG

Molotov het Amerika daarvan
beskuldig dat hy agresse in die
mou voer en dat hy sy buitelandse
beleid bou op die atoom-
bom. Amerika bou nuwe basisse
nie om hom te beskerm nie,
(Vervolg in volgende kolom)

TONNE VOEDSEL NA ENGELAND

Gedurende die volgende paar
jaar sal Suid-Afrika 'n goot
deel van die Britse volk aan die
lewe hou volgens die voedseluit-
voersyfers wat deur die Departement
van Handel en Nywerheid
bekend gemaak is.

Volgens die ooreenkoms waar-
deur Suid-Afrika £80,000,000 aan
Brittanje „geleen” het, sal Brit-
tanje 90,000 ton sitrusvrugte, 25,-
000 ton sagte vrugte, 30,000 ton
konfyt, 13,500,000 blikkies inge-
maakte vis, en sowat 21,000,000
eiers uit Suid-Afrika kry. Ver-
der sal nog 20,000 ton aartappels
en 5,000 ton peulvrugte na Brit-
tanje uitgevoer word.

Die syfers maak natuurlik
geen melding van die honderd-
(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)
maar om agresse te pleeg. Rus-
land staan vir vryheid en demo-
krasie en die oë van die wêreld
moet oopgaan vir die agresse
van die Weste.

Hy het dit gelaak dat daar
nog 'n groep mense in Rus-
land is wat agting vir die
Weste koester en nie van die
slaafse gewoontes van die
Weste ontslae kan raak nie.

Molotov het gerieflikheidshal-
we geswyg van sy eie agresse
in Pole, Roemenië, Hongarye,
Tjeggoslowakye, ens. Maar
volgens die taal van Moskou is
dit vryheid en nie-inmenging.

duisende ponde voedsel wat deur
middel van geskenkpakkies na
Brittanje uitgevoer word nie.

Nog Meer Persone Ondervra

Die politieke afdeling van
die speurdiens wat belas is
met die taak om getuies in te
win vir die verkiesingsbom
van die regering en waarmee
hy 'n soort van Neurenberg
wil hou, duur onverpoosd voort.

Die jongste ondervraging het
in die Baviaanspoort-kamp
plaasgevind waar Robey Leib-
brandt vir meer as 'n uur-en-
'n-half ondervra is volgens
die Vaderland en Dagbreek be-
rig. Volgens die berigte sou
die speurders op „subtile”
wyse aan Leibbrandt te kenne
gegee het dat indien hy hom
bereid verklaar om 'n verklar-
ing teen die K.G., dr. Hans
van Rensburg, af te lê, hy vry-
gelaat sal word.

Ook tydens ander ondervra-
gings is die naam van die K.G.
openlik genoem. Gerugte doen
die ronde dat die ondervraging
besig is om sy einde te nader.

In die stad ROND met Ronde Kommando

By die Bioskoop

'n koel sagte sig-
aret—Ronde
Kommando
maak al hoe
meer vriende
„oral in die
land rond.”



20 vir 11d.
Ook te koop teen 2/2 vir 50, 5/2d. vir 10.

K.G. en A.K.G. Se Verjaardagviering

Uitnodiging En Oproep

Genl. W. J. H. Marsh, Protea-
straat 7, Paarl, skryf:

Op Saterdag, 22 November
1947 bring ons weer hulde aan
ons twee gevierde leiers: die
K.G. en die A.K.G. Maar hier-
die keer vind dit plaas onder
buitengewone omstandighede.

DIE A.K.G. se gesondheid is
nie goed nie. As penkopseun
het hy as rebel dapper deelge-
neem aan die Tweede Vryheids-
oorlog. En op gevorderde leef-
tyd vind ons hom nog steeds ge-
trou aan die spits van ons stry-
dende en lydende Volksbewe-
ging... maar helaas! liggaam-
lik geknak! En geen wonder,
want wie kan bepaal in water
mate die opoffering en ontbe-
ring wat hy hom moes getroos
— veral gedurende die laaste
jare, bygedra het tot die instor-
ting van sy kragte... laat
staan die bitter teleurstelling
vanweë die verbodskering en
broertwis in Afrikanergelede-
re! Maar genoeg.

Hierdie Afrikanerheid gaan
ons huldig op 22 November.

EN ONS K.G.? Die kra-
nige, geniale, onverskrokke
leier wat goud en eer
versmaad het toe die Afri-
kanervolk hom tot leier van die
Volksbeweging geroep het! Van-
dag pak donker, onheilspellende
wolke oor sy hoof saam! Van-
dag hang die Damokles-swaard
oor sy hoof! Vandag word sy
persoonlike vryheid bedreig!
... Maar genoeg.

Hierdie Afrikanerheid gaan
ons huldig op 22 November.

IS DIT ONS ERNS?

Wil ons die bewondering van
vriend en vyand afdwing vir
ons rotsvaste trou en hartgron-
dige erkentelikeit aan ons
stoere, beproefde leiers? So ja,
kom dan — trots alle opoffering
wat u miskien moet getroos
— na

Die Paarl op Saterdag, 22
November!

Goeie Afrikaners Hokgeslaan

Staatsamptenaar, Kaapstad
skryf:

Daar is haas geen dagblad wat
ek nie koop en lees nie. Die
„pertinente vraag” wat Die O.B.
in 'n hoofartikel in die vorige
uitgawe stel, sal onbeantwoord
bly deur die H.N.P. se hoof-
gaan hier in Kaapstad. Al die
geleerdes van Keeromstraat kan
hierdie vraag nie beantwoord
sonder om hul enge partypoliti-
ieke belange te skaad nie —
partypolitiieke belange tel mos
deesdae meer as die belange van
die volk. Die Burger wat nog
steeds daarop uit is om ons volk
vir partypolitiieke belange ver-
deeld te hou, verstaan die kuns
uistekend goed om deur verswy-
ging van volksbelangrike nuus
en menings-korrespondensie nie
die ware toedrag van sake aan
die volk te openbaar nie.

As Die Burger talle van brie-
we, die menings van sy lesers
nie plaas nie waar skrywers
met naam en adresse voor die
dag kom, dan is dit voorwaar 'n
kleinlikheid wat nooit in die
joernalistieke en politieke wêreld
geodepraat kan word nie.

Ek wys maar op 'n paar dinge,
nie om seer te maak, te kwes of
aan te val nie maar om mense
wat onversoenlik bly tot nugter-
heid te beweeg en tot nadenke
te stem omdat Jan Smuts nie
net eersdaags seergemaak moet
word nie maar 'n politieke uit-
klophou toegedien moet word.

Wat ek sou bestempel as ver-
regaande politieke laster is 'n
paar weke gelede deur dr. D. F.
Malan op Calvinia verkondig toe
hy aldaar op 'n gestelde vraag
geantwoord het. Daardie ge-
sagstaar, diktator- en verdag-
makende skimpe en bewerings
het binne sy eie Nasionale Par-
tygelede meer kwaad en

Soos Ons Lesers Dit Sien

verdeeldheid gestig as wat dr.
Malan miskien self besef. Dit
gaan vir my moeilik om te glo
dat hy so kon gepraat het onder
huidige volksomstandighede. Ek
moet dit egter wel glo want ek
het dit in Die Burger van Maan-
dag 3 November gelees.

Onversoenlikheid en die H.N.P.
onder leiding van dr. Malan, het
vir my sinoniem geword in ons
republikeinse volkslewe. Laat
die H.N.P.-pers en dr. Malan
tog die hand in eie boesem steek
en nie gedurig goeie Afrikaners,
wat woord en daad uitleef, hok-
slaan nie. Die volk kan dit nie
bekostig nie.

BEDROG TEEN AFRIKANERS

Mnr. J. E. E., Albertinia skryf:

Ek het dr. D. F. Malan se
toespraak op Calvinia in Die
Burger gelees en wat was ek
verbaas toe ek by die deel van
sy toespraak kom wat handel
oor die H.N.P. se nie-toelating
van O.B.-lede tot die party. Sou
dr. Malan hom nie skaam om
sulke onwaarhede aangaande die
O.B.-leiding te verkondig soos
wat hy daar gedoen het nie?
Hy weet mos heeltemal goed
wat die O.B. se doelstellinge en
stelsel van regering is, en hoe
die president gekies sal word.
Ek vra weer waarom sulke on-
juishede opgedis word? Is hy
nie bang dat God hom sal lam
slaan nie as hy sulke onwaar-
hede staan en verkondig?


Kan mens sulke verdagmakery
opdis en dan weer praat en
treur oor verdeeldheid onder die
Afrikaners en voorgee dat jy na
volksseenheid streef?

Ons moet genl. Jan Smuts
probeer uitstem maar dit is on-
moontlik om vir die H.N.P.-kan-
didate te stem as dr. Malan so
aanhou.

Ek kan hierdie soort houding
van leiers nie meer staan nie.
En dan is daar nog mense wat
daardie bedrog glo!

KORRESPONDENSIE

'n Vriend wat 'n Ope Brief aan
dr. Malan geskryf het: Stuur
asb. u naam en adres vir die
informatie van die redakteur.



„Die Kleine Wonder”


STEENMAAK- MASJIE

(Vir die maak van Sementstene)

Maak standaard-grootte Sement-
stene (9 dm. x 4⁵/₁₆ dm. x 3 dm.)

Doen navraag by u naaste Han-
delaar of skryf direk aan:
Fabrieksverteenvoerder:

JOHANN H. BUHR,
Posbus 18, Hopefield.
Handelsnavrae word verwelkom.



KOOP
DEUR DIE POS
VAN
EXCELSIOR

Hierdie Wellbekende
POMPSTOFIE —

DIE
OPTIMUS
is nou weer
verkrygbaar

PRYS slegs 32/10

Ons bied u 'n volledige reeks van gereedskap.

Vra om ons jongste pryslyste. Die volgende
is slegs 'n paar van ons Winskopies.

DRAADTREKKER	33/4
SKAAPSKERE	8/-
STORMLANTERNE	11/4
OPTIMUS BLAASLAMPE	37/4
FLITSLIGTE, 2-sel	7/4
FLITSLIGTE, 3-sel	13/4
GRASPERK-SKER	10/-
MOTORDOMKRAAG (Hidrolies)	2-ton 31/4, 3-ton 55/-
ELEKTRIESE SOLDEERBOUT	26/8

EXCELSIOR POSBESTELLINGSDIENS
(Excelsior Meubels Beperk)

Pleinstraat 40 — — — Johannesburg

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.

STERFGEVAL

HUGO.—Graag wil ons langs hierdie weg 'n kranse le op die graf van korp. Piet Hugo, verhuus op 26 Oktober 1947. Ons sal jou mis. Ons hartlike meegevoel.—ELLIE, van Merweville-kommando. 12/11/1B

BENODIG

GETROUDE VOORMAN vir win-gerdplaas in Robertson distrik. Nie te groot gesin nie. Vorige onder-vinding nie nodig nie. Meld salaris verlang. Naby skool. Rig aansoek aan: p/a WARREN, SMITH EN WHITE, Posbus 41, Robertson.

TWEE FLUKSE, eerlik en sober ongetroude voormanne om te help gedurende tydperk 1 Februarie tot in April. Skrywe omtrent salaris en ander besonderhede aan „WIL WEET“, Avondson, Breërivier. 5/11/3

BOME, PLANTE EN SAAD

BESTE GESERTIFISEERDE GROEN-TESAAD.—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigde K.B.A. van: PRE-MIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

GROENIESAAD.—Detroit en Egi-ptiese plat best 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waatlemoen 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. duur-der per ½lb. Handelsnavrae verwel-kom. — KARROO-SAADVERSPREI-DERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

LUSERNMEEL van die beste gehalte, 9/- per 100 lb. tot 4 ton, daarna 8/10/- per ton; gebaalde lusern, 16/10/- per ton. Gelewer Kof-fiefontein. Sakkie moet bestel-lings vir lusernmeel vergesel.—MOUT-FABRIEK EN MEULE, Koffiefontein. 5/11/2B

PATATRANKE.—Op hul beste, bestel dadelik. Driemaande wit 10/- per 80 pd.; 7/6 per 60 pd. sak. Ses-of driemaande wit en borrie steggies 6/6 per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 15/10/TK

PATATRANKE.—In voorraad, 6 maande, 10/- per 1,000; wit, drie maande, 8/- per 1,000; Borrie, 10/- per 1,000. PATATS.—11/- per sak. K.M.B. Gelewer Serpentine.—H. ROELOFSE, P/s Serpentine, George. 29/10/TK

PATATRANKE.—Topranke in voor-raad, mooi uitloop, 6 maande, 9/- per 1,000; wit, drie-maande, 8/- per 1,000; Borrie, 10/- per 1,000. PATATS.—12/- per sak. K.M.B. Gelewer Serpentine.—H. ROELOFSE, P/s Serpentine, George. 5/11/TK

GEMENG

MEUBELS.—Ons sal u huis of kantoor volledig Meubiler teen billike maandelikse paalemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met prys-lys. Ook in voorraad: Draadlose, windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminium-kastrolle in stelle van 3. ens.—UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK., Victoriaweg 171, Woodstock. 12/11/TK

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291. KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Seplese Tenks, Pilare, Vloer-teels, Voertroe, Eniglets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRE-TORIA.

HORLOSIEMAKER

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en speedige aflewering. — P. PRETO-RIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg. PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregisteerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai sout-werke. Bestel: KOMDTE. MEV. MAR-TIE VENTER, P/s No. 4, Arbeidsloot, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

VRIENDE: Ek lewer sout in goeie graansakke—A1, 59/-; No. 1, 54/-; en No. 2, 49/- per ton. Tevredenheid gewaarborg en onmiddellike versen-ding.—S. J. DE BEER, Soutwerke, P.K. Florisbad. 5/11/TK

TE KOOP AANGEBIED

BRANDHOUT.—Wattle, 9 duim gesaag, 14/-, gelewer Mollissima-sylyn, oor Greyton. Pryse vir pale, droppers, ens., op aansoek. Bestellings word stiptelik uitgevoer.—HENNIE MENTZ, Privatsaak, Greyton, Natal. 12/11/6B

DUITSLAND GENIET VOORRANG in MARSHALL SE HERSTELPLAN

Amerika sal £1,437,500,000 gedurende die eerste jaar van die Marshall-plan aan Europa be-ste om die Weste weer op die been te bring, volgens die aan-beveling van die Truman-komi-tee vir buitelandse hulp.

Van al die lande word Duits-land en Brittanje aangewys as die belangrikste lande wat hulp moet kry. Die komitee meen dat die herstel van Duitsland fun-damenteel nodig is vir die her-stel van Europa. Dit is ook 'n land waar die V.S.A. regstreek verantwoordelikheid dra.

'n Solvente Brittanje is nodig vir die V.S.A. en indien Brit-tanje kan terugkeer tot sy voor-oorlogse steenkooluitvoer van 30,000,000 ton per jaar, sal die toestand in Europa ook ver-ander, volgens die verslag.

Die plan maak voorsiening vir 'n groot bedrag aan propaganda-uitsendings na Europa en ander lande. Dit het ten doel om die huidige Russiese anti-Ameri-kaanse veldtog teen te gaan. — (Sapa-Reuter).

STAD WAT BESIG IS OM IN GROND TE VERDWYN

Mexico City is stadig maar seker besig om in die grond te verdwyn. Sommige dele van die stad sak sowat een voet per jaar en baie geboue is reeds agt of tien voet laer as die straat-hoogte.

Hierdie insinking word ver-oorsaak deurdat 'n groot hoe-veelheid water van die onder-grondse meer waarop die stad gebou is deur die inwoners na die oppervlakte gebring word.

Die posisie is onlangs deur prof. Carrillo ontleed nadat hy 'n drie jaar lange ondersoek na die verskynsel ingestel het. As gevolg van die vulkaniese aard van die grond en vorige vulka-niese uitbarstings is daar groot holtes wat met water gevul is. Die gewig van die huise laat sommige van die water nou na die oppervlakte bars en vorm fonteine wat die holtes laat leegloop en wat stadig toesak.

SKEEF

Baie geboue in die stad hang reeds skeef. Dit is meesal die ou geboue wat hierdeur getref is. Die oudste en grootste kate-draal in Amerika wat in hierdie stad staan, moet gedurig her-stel word weens die barste wat

Staatsgreep In Siam

Die Siamese leer onder bevel van veldm. Songkram, het verle-de Sondag 'n staatsgreep uitge-voer en bewind in Siam aanvaar, na Sapa-Reuter berig.

Songkram was eerste minister tydens die Japanese besetting en het in 1942 oorlog teen die Geal-lieerdes verklaar.

Troepe het die beheer oor alle belangrike verbindings en uit-saastasies oorgeneem.

Arabiese Leërs Wil Veg

Arabiese leërs is saamgetrek op die Palestynse grens om Pa-lestina te red van Sionistiese aanvalle in geval van 'n Britse terugtrekking uit Palestina, het Abdoel Azzam, sekretaris-gene-raal van die Arabiese Bond verle-de Sondag verklaar.

Die Arabiese state is in 'n hegte militêre en geldelike ver-bond saamgesnoer, het hy daar-aan toegevoeg. (Sapa-Reuter).

Uitsprake Wat Waar Bly

PROF. L. J. DU PLESSIS OP LYDENBURG 26 NOV. 1938:

„In besonder sal die Afrikanerdom hom moet bevry van sy demoniese knegskap deur in die tweede groot trek na die stede van Suid-Afrika toe doelbewus beslag te lê op die mag-tige stedelike rykdomsbronne van handel en industrie. Daar-voor is nie nodig 'n anti-Englse of anti-Joodse of Anti-Asiatiese beweging nie — al wat nodig is — maar dit sal volle kraginspanning vereis — is dat die Afrikanerdom Afrikanerbesigheid sal ondersteun deur saamsnoering van hul koopkrag, hul kapitaalkrag en hul besigheidsvernuf. Hier-voor is die wil reeds daar.

Rekord Pryse Vir Wol In Australië

Buitengewone hoë pryse is die afgelope week vir merinowol in Australië behaal. Die hoogste pryse was 105d. vir lammerwol, 92d. vir vlieswol en 62½d. vir af-randsels. Daar was skerp mede-dinging. Die Australiese pennie is sowat vier-vyfdes van die Suid-Afrikaanse pennie werd.

Brittanje Wil Birma Graag Behou

Die losmaking van Birma uit die Britse Ryk het sterk teen-kantiging ondervind in die Britse laerhuis toe wetgewing in hier-die verband bespreek is.

Die Britse eerste minister, Attlee, het mismoedig verklaar dat hy gehoop het dat Birma in die Britse Statebond sal bly omdat lidmaatskap van die Sta-tebond nie afbreek aan 'n land se onafhanklikheid doen nie. Birma het egter anders besluit en beskik oor die reg om sy eie staatsvorm te kies.

Hy het verklaar dat daar reeds onrus in Birma bestaan vanweë die versuim om die onafhank-likheid 'n voldonge feit te maak.

Winston Churchill, leier van die opposisie, het die beleid van die regering om Birma te laat gaan sterk veroordeel. Daar be-hoort geen moeilikheid te wees om 'n dominium van Birma te maak nie, het hy gesê. Hy het oproer en bloed in Birma voor-spel en verklaar dat hy die los-making van Birma nie sal steun nie.

STAAT WIL UITGAWES NOU INKORT

Die regering het besluit dat die uitgawes van die staat op elke terrein waar moontlik, in-gekort moet word. Hierdie be-sluit het die afgelope week be-kend geword.

Die voorneme om te besuinig is 'n kabinetsbesluit, en verskeie departemente het reeds opdrag om oral waar moontlik, hul uit-gawes in te kort.

Die kabinet is besig om die aanstaande begroting te oorweeg en wil vir verkiesingsdoeleindes met 'n baie aanneembare begro-ting voor die dag kom.

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers. Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria 130 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE KIEKS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE

(Edms.) Bpk MOREMARK (Posbus 7185) Newton.

Verseker u Toekoms

deur die Eienaar te word van

VASTE EIENDOM

* BOUPERSELE

* WOONHUISE

* PLASE

* BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON

Raadpleeg —

J. (Kotie) THERON

CROXLEY-GEBOU, KUSWEG, Posbus 78 Foon 0028 STRAND

Waardevolle Landgoed Te Koop

„MORGENZON“ (omtrent 2½ morg) geleë in Swel-lendam, aan die voet van die pragtige Langeberg.

'n Mooi groot woonhuis, 6 slaapkamers, groot sit-kamer, groot eetkamer, ruime ingang. Breë stoep, 2 damme, watersloot loop oor die grond, en buitege-geboue. — Prys £3,000.

Doen aansoek by: MEV. A. A. TOMLINSON, Bossiegeur, Swellendam.

HET U U INTEKENING OP DIE O.B. HERNU?

So nie, staan u in gevaar dat toesending aan u adres binnekort gestaak word.

Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie laaslede verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10/- per jaar op die blad in. Om seker te maak dat u geen uitgawe van ons amptelike mondstuk sal mis nie, moet u onmiddellik onderstaande vorm voltooi en saam met u intekengeld pos.

VUL ASSEBLIEF HIER IN

DIE SEKRETARIS,

VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,

POSBUS 1411,

KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B.“ deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat inteken-geld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., vooruitbetaalbaar is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B.“ aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van.....

vir.....jaar/e se intekengeld.

Naam:

Posadres:

.....

.....

Datum Handtekening

UITVOER VAN STEENKOOL KAN ONS STAALBEDRYF OOR 30 JAAR VERLAM

Administrateur D. E. Mitchell van Natal het onlangs 'n waarskuwing uitgespreek teen die onoordeelkundige uitvoer van groot hoeveelhede Suid-Afrikaanse kookssteenkool om oorsese nywerhede aan te help. Mnr. Mitchell het gesê dat Suid-Afrika versigtig moet wees met sy uitvoer van steenkool na Brittanje en nie moet spog dat hy die grootste uitvoerder van steenkool in die wêreld is nie. Dit is onverstandig om kookssteenkool uit te voer omdat dit ons eie nywerheid en nasionale belange nadelig strem.

Dit is nie die eerste waarskuwing wat in hierdie verband uitgespreek word nie. Van tyd tot tyd het deskundiges aan die hand van onweerlegbare bewyse aangetoon dat Suid-Afrika die toekoms in gedagte moet hou en nie sy eie lewensbelangrike produkte ten koste van homself moet verhandel nie.

ONOORDEELKUNDIGE UITVOER

Die Unie voer vandag o.a. groot hoeveelhede steenkool na Ierland uit om Engeland indirek te help aangesien laasgenoemde volgens ooreenkoms steenkool aan Ierland moes lewer en dit nie meer kan doen nie. Groot hoeveelhede steenkool gaan ook na Argentinië.

Nieteenstaande mnr. Mitchell se waarskuwing strook met die bevindings en waarskuwings van deskundiges, het die Cape Argus hom genoodsaak gevoel om die Administrateur op sy vingers te tik en hom daarop te wys dat Suid-Afrika onbeperkte hoeveelhede steenkool het en dus maar kan uitvoer. Wat hierdie kolomskrywer uit die oog verloor, is die feit dat hy nie onderskei tussen die verskillende soorte steenkool nie, maar almal oor een kam skeer.

Die willekeurige uitvoer van kookssteenkool vir bunkersteenkooldoeleindes soos dit vandag inderdaad geskied, kan binne die eerste dertig jaar 'n ernstige nywerheidskrisis veroorsaak omdat daar slegs 'n beperkte reserwe Kookssteenkool wat noodsaaklik is vir die vervaardiging van staal in Suid-Afrika is, volgens deskundige inligting wat ingewin is.

VERSKIL

Alle steenkool is nie dieselfde nie. Die gesamentlike reserwe steenkool van die Unie is volgens gesaghebbende inligting 225,000 ton waarvan 70 persent se voorkoms vrywel onbekend is.

Vuisslanery Op Politieke Vergaderings

Sowel die H.N.P. en die V.P. het besluit om sover moontlik alle vegpartytjies tydens politieke vergaderings te voorkom. Die politieke korrespondent van die Cape Times berig na aanleiding van die onlangse opstootjies op Fochville waar min. J. H. Hofmeyr klei getrap het as gevolg van 'n oproer tydens die vergadering, dat die V.P. aktiewe stappe sal doen om sulke voorvalle in die toekoms in die kiem te smoor.

In 'n onderhoud met hierdie korrespondent het adv. F. C. Erasmus, hoofsekretaris van die H.N.P. gesê dat die H.N.P. in beginsel teen vegpartytjies tydens politieke vergaderings is.

Ons normale jaarlikse verbruik is tans ongeveer 25 miljoen ton wat oënskynlik 'n besonder gunstige posisie weerspieël. Die gehalte van die steenkool wissel baie. Die hittevereistes wat vir uitvoer- en bunkersteenkool gestel word, is die hoogste. Die Spoorweë stel hoë eise aan die steenkool wat hulle verbruik, so ook die myne. Hulle het 'n standaardverhittingsvermoë aanvaar waarvolgens hulle steenkool koop. Hierdie standaardstelsel het 'n verrekende en gevaarlike uitwerking op die steenkoolbedryf.

Die steenkoolmyne wat nou feitlik verplig is om hierdie standarde na te kom, ontgin vandag alleen steenkoollae van die hoogste verhittingswaardes en in die Witbankse myne word alleen steenkool van lae asgehalte gegrave. D.w.s. kookssteenkool word byvoordeur ontgin en geweldige bronne van laegraadse steenkool word laat lê.

NEEM TOE

Die toestand betreffende kookssteenkoolreserwes in hul verhouding tot hul verbruik, is gladnie gunstig nie. Die bekende kookssteenkoolreserwes word op slegs 110 miljoen ton in Natal en 40 tot 70 miljoen ton in die Witbankse lae bereken. Ons jaarlikse verbruik van kookssteenkool is vinnig aan die toeneem. Vandag word 11 miljoen ton in kooks omgesit. Volgens gesaghebbende syfers word 3 miljoen ton kookssteenkool jaarliks as gewone brandstof gebruik. Of hierdie syfer ook die uitvoer van kookssteenkool insluit, is te betwyfel. Op hierdie manier word ons karige reserwes waarsonder ons staal-nywerheid nie kan klaarkom nie, vinnig en onekonomies uitgeput.

Die beraamde uitbreiding van Yskor waarmee reeds begin is, sal 2 miljoen ton kookssteenkool jaarliks nodig hê. Dit

Uitvoer Neem Met Honderd Persent Toe

In die afgelope jare het die steenkooluitvoer van die Unie besonder toegeneem en ons is vandag een van die grootste steenkooluitvoerders in die wêreld. Die uitvoer van hierdie produk het gedurende 1945 te staan gekom op 25,388,623 ton wat 100 persent meer is as die uitvoer van 1938. Van hierdie getal is 70,5 persent uit Transvaal afkomstig terwyl Natal 20,9 persent gelewer het.

Gedurende die afgelope maande is daar meer as 165,000 ton steenkool na Suid-Amerika verskeep in ruil vir koring.

In Suid-Afrika word daar jaarliks volgens sy syfers van die Provinsiale Rade £50,000,000 op wettige dobbellary verspil. Nie minder as £10,000,000 is op perdersies verweend nie.

word ook verwag dat die ander nywerhede wat vandag 'n kwart miljoen kooks gebruik, hulle verbruik binnekort sal verdubbel.

GEVAAR VAN UITPUTTING

Deskundiges het onlangs aangetoon dat die gebruik van kookssteenkool as gewone brandstof aansienlik toeneem, sodat die kookssteenkoolverbruik ongeveer tussen ses en agt miljoen ton per jaar behoort. Teen hierdie tempo sal die bekende reserwes binne 20, 30 jaar uitgeput wees.

In Transvaal kan geen een van die steenkoollae as kookslae beskou word nie. In sekere van die Witbankse lae bestaan daar 'n innige mengsel van kookshoudende en nie-kookshoudende steenkool. Ook in Natal word slegs gemengde lae aangetref.

Wat belangriker is om te onthou, is dat die uitvoer van steenkool reeds jare die ondersteuning van die staat geniet. Die spoorvrag op hierdie steenkool is baie laer as dié op steenkool wat bestem is vir plaaslike verbruik, sodat die verbruiker aan die kus baie meer vir steenkool betaal as die verbruiker in Bombaai.

Die gevaar van die nywerheidsontwikkeling as gevolg van die ynnige verbruik van die beperkte kookssteenkoolvoorrade is dikwels beklemtoon, dog sonder enige sukses. Die beleid van „laat maar loop” is getrou nagevolg soos dit op baie ander terreine in ons nasionale lewe ook toegepas is.

Uitwerking Van Atoomstrale

Amerikaanse wetenskaplikes hou hulle tans besig met eksperimente om die uitwerking van atoomstrale op lewende wesens vas te stel. Muise, marmotjies en konyne word vir hierdie doel gebruik. In een laboratorium word soveel as 12,000 muise vir hierdie doel ingespan.

Hierdie ongelukkige diere word blootgestel aan die gamma-strale van atoomenergie. Niemand het hom tot dusver aangemeld om as menslike proefkonyn vir hierdie eksperimente te dien nie. Die wetenskap is ook nog nie in staat om met sekerheid te verklaar wat die uitwerking van atoomstrale op lewende wesens is nie. Die navorsers hou hulle tans met drie groot vrae besig, nl. kan mens weer heeltemal herstel nadat jy aan atoomstrale blootgestel is; is daar enige metode wat aangewend kan word om herstel te bewerkstellig; en hoeveel uitsraling is nodig om die dood te veroorsaak?

Die grootste van hierdie navorsingsinrigtings is in Bethesda, Maryland. Tot dusver is vasgestel dat sommige muise wat aan atoomstrale blootgestel is se gewig met 50 persent toegeneem het. Verder is aangetoon dat hierdie muise kanker ontwikkel; dat hulle lewens baie verkort is; en dat hulle heeltemal steriel en onaktief geword het.

AKTIEF



Genl. M. M. Smith (vyfde van links) en die stafoffisiere van die Elandskraalse Boerejeuglaertrek.

Naturelle Skugter Vir Nuwe Beleid

Soos algemeen verwag het die nuwe naturellebeleid van die regering waardeur groter magte aan die Verteenwoordigende Naturelleraad gegee is, geen tevredenheid by die raad uitgelok nie maar slegs aanleiding gegee tot verhewigde agitatie vir gelykstelling met die blankes.

Die raad verklaar egter dat hy nie bereid is om naturelle aan te raai om buite stemming te bly wanneer die nuwe raad verkies moet word nie.

Die Naturelleraad wat verlede week in Bloemfontein vergader het, het besluit om hul stryd teen die regering voort te sit totdat alle „diskriminerende wetgewing” teen nie-blankes opgehef is. In die verklaring wat deur die raad uitgereik is, word gesê dat die toegewings onvoldoende en onbevredigend is. Die raad sal met sy stryd voortgaan totdat die naturellebeleid fundamenteel hersien is. 'n Gepeuter aan die beleid sal hulle nie tevrede stel nie.

DIE SWAKHEDE

Die vernaamste swakhede van die huidige naturellebeleid van

die regering, is volgens die verklaring die volgende:

1. Dit beskerm nie die wetgewende regte van die nie-blanke in die land nie.
2. Daar bestaan geen vooruitsig dat daar 'n verandering in die toekoms sal intree nie.
3. Die beleid is nie daarop bereken om die nie-blankes by die algemene lewe van die land in te lyf nie. Die beleid is gegrond op permanente skeiding wat 'n gees van rassebitterheid skep.
4. Die beleid is uitgedien en berus nie op praktiese idees nie omdat die naturelle volk verander het.

Die Verteenwoordigende Naturelleraad het sowat 'n jaar gelede verdaag en besluit om nie met hul werksaamhede voort te gaan voordat alle „diskriminerende wetgewing” herroep is nie. Veldm. Smuts het hulle aan die begin van die jaar belowe dat hy hulle tegemoet sal kom. Sy jongste voorstelle aan die Raad, wat heeltemal afwyk van die gevestigde praktyk op die gebied van naturelle-administrasie, is sy toegewings aan die Raad.

Honger Wêreld Nog Hongerder

Die voedseltoestand van die wêreld het versleg sedert verlede September — die gaping tussen die produksie en verbruik is nou nader aan 10,000,000 ton as aan 9,000,000 ton, volgens sir John Boyd Orr, direkteurgeneraal van die internasionale voedselorganisasie.

Intussen heers daar 'n ernstige droogte in Argentinië en gedeeltes van Suid-Amerika waar Europa sy koring en meel moet kry. Tensy reën spoedig 'n uitkoms bring, sal Europa volgende jaar ellendiger toestande tegemoet gaan as tans.

Berigte uit Duitsland meld dat daar 'n ernstige droogte in die land heers en dat die oes beskadig is.

Verwoestende haelstroms het verskeie gebiede in die Unie die afgelope week getref en groot skade aan die oes berokken.

JAPAN

Dr. Leonard Schultz en dr. G. V. Anderson, twee Amerikaanse wetenskaplikes, wat ondersoek ingestel het na die gevolge van atoomaanvalle op Japan, beskou die dood van die duisende persone wat as gevolg van die aanval omgekam het, nie as die ernstigste gevolge van die aanval nie. Toekomstige geslagte sal moontlik baie swaarder hieronder ly in die vorm van geestesgekretheid en liggaamsgebreke.

Die wetenskaplikes het ook toetse uitgevoer met radioaktiewe mielies. Mielies wat voor ontkieming aan atoomstrale blootgestel is, het normale produksie gelewer. Gebreke het egter eers merkbaar geword toe die mielies met normale plante gekruis is. Dieselfde biologiese wette wat vir mielies geld, geld ook vir mense.

JODE STROOM S.A. BINNE

Watter soort persone die huidige regering nou eintlik beskou as versterkers van die blankedom in Suid-Afrika deur aan hulle Suid-Afrikaanse burgerskap toe te ken, blyk uit 'n ontleding van die naturalisasie-opgawes.

Honderde Oos-Europese Jode wat tydens die oorlog as vlugtelingen hier aangespoel het, is nou Unie-burgers. Onder hulle is daar nie minder as elf staatlose persone wat voorheen geen vaderland gehad het nie, volgens jongste gegewens.

Meer as 90 van hierdie nuwe burgers verklaar dat hulle Duitsers is. Dit is egter net nodig om die name van die genaturaliseerdes na te gaan om vas te stel vir watter soort „Duitsers“ die regering so 'n spesiale voorliefde het. Paul Isaac, Paul Herzki, Levy, Lubarski, Markowitz, Hirshfield, ens. is almal „Duitsers“. Hulle behoort grotendeels tot die handelslui en gee onder andere aan dat hulle groothandelaars, juweliers, agente, en gewone handelaars is.

GEEN VAKMANNE

Ene Selmar Sandelowitz het na die Unie gekom om die Afrikaanse boere se karakoelvelle vir hulle uit te voer, terwyl Neuman verklaar dat hy 'n „opleidingsagent“ is. Wie en wat hy oplei word nie gesê nie. Onder hierdie groep is daar baie min wat hulle as vakmanne kan beroem.

Saam met hierdie Duitse Jode het ook 'n groot aantal — meer as 80 — Litouise Jode burgerskap verkry. Getrou aan die instink van hulle ras, het hulle ook gekom om hulle geluk in die handel te beproef. Robert Aisicowitz (ook Ruvinas Aisicowitz) en Davidof is handelaars en fabrikante onderskeidelik. Abraham (ook bekend as Abé) Braver is nog student. As hierdie vreemdelinge nie 'n winkel open nie, soek hulle iets soortgelyk. Daarom is Samuel Jossel Edelstein (voorheen Edelsteinas) 'n handelsreisiger. Isaac Friedman is 'n besigheidsbestuurder. Ander tipiese voorbeelde van hierdie nuwe burgers uit Litoue is Isaac Herman (ook Germanas), Hendrikz (voorheen Hein Levy), Israel Leon Kacev, ens.

VANNE WORD VER-SUID-AFRIKAANS

As mens die lys nagaan dan blyk dit dat die benaming Duitser, Pool, Tjieg, Litouer en selfs Hollander 'n gerieflike dekmantel is om jou identiteit agter weg te steek. Sommige se name is so verander dat die oorspronklike haas nie meer herkenbaar is nie — nog 'n manier om weg te steek wie jy is. Die huidige Wolf Hurwitz was voorheen Daniel Gurvik en Wilfred Ipp was voorheen Wolfgangas Ippas en die onskuldige Jack Jacobson was ook al voorheen Bogoslofsky.

Hierdie voorbeelde is nie uitgesoek nie, maar is verteenwoordigend van die deursnee persone aan wie burgerskap toegeken is.

Ook uit Palestina het ons 'n aantal nuwe burgers gekry wat volgens die beskouings van die Smuts-regering 'n vrugbare aanwas is. Yehuda Iloni, voorheen Schwartz, Abraham Rotstein en Goldman is maar enkele van die aantal Jode uit Palestina wat die blanke bevolking kom versterk.

STAATLOSE

Benewens hierdie vreemdelinge wat die Afrikaner nie juis welkom heet nie, is daar ook elf persone wat hulle nasionaliteit aangee as staatloos. Die regering vind hulle egter so verdienstelik dat hy hulle nie al-

leen permanente verblyfplek bied nie, maar ook burgerskap toeken. Een van hulle wat tans bekend staan as Kussman is in Rusland gebore en was o.a. ook al bekend as Kissman behalwe die kere wat hy sy voornaam verander het.

Hirsh Lemkin en Lewis Pinshaw is van Russiese nasionaliteit. So ook Benjamin Shefts wat 'n handelaar is. Hulle sê egter nie hoe bevriend hulle met Stalin is nie.

CHRISTENE

Die Unie het ook nuwe burgers uit Switzerland, Letland (waaronder baie Joodse vanne voorkom) Italië, Griekeland en Holland gekry. Dit blyk dat daar 'n aansienlike getal Hollanders is wat hul beroep aangee as timmermans, bouers, werktuigkundiges, ens. Van die groot totaal is hulle miskien die enigste groep wat mens sonder voorbehoud kan aanvaar. Ook onder hulle is daar egter onassimileerbare vanne.

Uit Argentinië het 'n aantal Argentynse Afrikaners hulle weer in Suid-Afrika kom tuismaak. Onder hulle is daar bekende Afrikaanse vanne soos Venter.

In die lig van hierdie gegewens is dit verstaanbaar waarom daar sedert die oorlogsjare so baie klein Jode-winkeltjies in die buitewyke van Kaapstad en ander stede soos paddastoele opgespring het.

Dit is duidelik dat daar 'n dringende noodsaaklikheid bestaan vir ingrypende verandering van ons immigrasie- sowel as naturalisasiewette.

„Immigrante Maak Britse Ryk Sterk”

„Emigrante is Brittanje se beste uitvoerartikel omdat dit Brittanje en die Britse Ryk versterk. Dit is 'n goeie beleid om emigrasie na die dominiums aan te moedig en Brittanje moet homself opofferings troos om immigrante aan die dominiums te lewer.”

So lui die betekenisvolle verklaring van lede van die Britse hoërhuus na aanleiding van die klagte dat emigrasie Brittanje beroof van sy werkskragte. Dit is ook 'n ruitelike erkenning van die politieke strewing wat agter die stuur van immigrante na die dominiums sit.


Lord Tweedsmoor het verklaar dat daar 'n groot vraag na Britse immigrante is en dat hulle gestuur moet word omdat hulle Brittanje se beste uitvoerartikel is. Hy het dit betreur dat daar soveel publisiteit gegee is aan die immigrante wat na Brittanje terugkeer. Hy beskou hulle blykbaar as dislojaal omdat hulle nie bereid is om die taak om die Britse Empire sterk te maak, aan te help nie.

BOU BRITSE RYK

Lord Barney het 'n langtermyn emigrasiebeleid vir Brittanje bepleit en gevra dat die Britse emigrante oor die

Olie In Plaas Van Steenkool

Die na-oorlogse steenkooltekort in Engeland het die Britse spoorweë genoodsaak om planne uit te dink hoe om meer steenkool te bespaar. Baie van die swaar lokomotiewe word nou opgebou in lokomotiewe wat olie as brandstof gebruik. Daarmee hoop die regering om 'n miljoen ton steenkool per jaar te bespaar. Die herboude lokomotiewe gebruik een gelling olie vir ses myl in plaas van 75 pond steenkool vir dieselfde afstand. Die foto toon 'n werkswinkel van 'n maatskappy waar die lokomotiewe herbou word.



Russe Werf Duitse Krygsgevangenes Vir Griekse Leërs

Die Russe het 'n nuwe troefkaart ontdek waarmee hulle hoop om die goedgesindheid van die Duitse volk te wen. Afdelings Duitse soldate, wat bestaan uit Duitse krygsgevangenes wat na Rusland weggevoer is, en daar onder bevel van genl. Von Paulus opgelei is as 'n Russiese eenheid, het onlangs, blink en vet gevoer, hulle verskyning in Duitsland gemaak om krag by die Russiese propaganda te sit.

Dit is alles deel van die nuwe propagandaveldtog van die Russe in Duitsland. Die propagandaveldtog staan onder leiding van 'n bekwame Rus, Kol. Tulpanov, berig Review of World Affairs. Hy het nou die hulp van genl. Von Paulus se eenheid ingeroep om tasbare bewys te lewer vir sy stories. Genl. Von Paulus vergesel die Duitse eenheid en hulle het hulle verskyning in Königsberg, Tilsit, en Labia gemaak. Von Paulus was onlangs self in Berlyn. Dit word alles gedoen onder die neus van die Britte en die Amerikaners en is bedoel om 'n grondslag te lê vir die goeie verhouding tussen die Duitsers en Rusland.

WERF SOLDATE

Die blad berig voorts dat Duitse krygsgevangenes in Joego-Slawië offisiere sowel as manskappe, gewerf word om diens te doen in die Macedoniese Volksleër en in die Griekse Guerilla-magte van genl. Markos (d.i. die Griekse Kommuniste. — Red.).

Die werwing geskied direk onder Russiese leiding en die inisiatief gaan uit van die Russiese opperbevel in Weenen. Die vrywilligers word by Ljubljana bymekaar gebring en die opleiding geskied naby Skoplje. Duitsers wat weier om aan te sluit word in slawediens gestee wat gelyk staan aan die doodvonnis, verklaar die waarnemer.

O.B. se Groot- raad

Lede van die Grootraad van die Ossewa-brandwag het reeds sedert Maandag in Johannesburg begin aankom vir die jaarlikse byeenkoms van die raad, berig ons korrespondent.

Die verklaring van die raad en desbetreffende berigte sal in ons volgende uitgawe verskyn.

Persië en Rusland

Persië het besluit om sy olie-ooreenkoms met Rusland te verbreek en sal voortaan sy eie olie ontgin. 'n Maatskappy is reeds in die lewe geroep.

Die stap volg op die toenemende Russiese druk op Persië om olie-regte in die gebied. Inmiddels is aangekondig dat 350 ton militêre uitrusting uit Amerika saam met wapens ter waarde van £6 miljoen wat deur die Amerikaners agtergelaat is aan Turkye en Persië oorgemaak is.

Waarnemers verwag 'n onvermydelike botsing tussen Rusland en Persië oor oliebelange.

„Die O.B.“ word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Britse Rantsoene Ingekort

Die Britse minister van voedsel het die afgelope naweek verdere inkorting van die rantsoene van die Britse volk aangekondig. Dit geld vir aartappels, lekkers en sjokolade, na Sapa-Reuter berig.

Die inkorting van die aartappelrantsoen is 'n regstreekse gevolg van die swak ooste in Brittanje. Intussen vestig die Britte hulle hoop op Suid-Afrikaanse aartappels wat nie voor aanstaande Maart beskikbaar sal wees nie.

WAARVOOR HET S.A. GEVEG?

Engeland het op 3 September 1939 oorlog aan Duitsland verklaar onder voorwendsel dat hy die Westerse beskawing moet beveilig. Die uitslag van die oorlog is dat die hele Oos-Europa as slawe in die hand geval het van die Asiaat Josef Stalin, terwyl die enigste slawedrywer in Afrika, Haille Selassie, in beheer van 'n groot deel van Oos-Afrika geplaas is. Waarvoor het Suid-Afrika oorlog gevoer?